trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 18 FEBRUARIE 2018

OGGEND 09:00

Welkom aan Orrie Oosthuizen wat die oggenddiens lei.

DIE HERE BEVEEL VERBONDSOUERS: VERTEL JOU KINDERS VAN DIE WONDERDADE VAN DIE HERE.

Skriflesing: Psalm 78

Die beste ding wat ouers vir hulle kinders kan gee, is nie rykdom, aansien of geleerdheid nie; maar om hulle van die HERE te vertel. Om jou kind te begelei om die HERE te kan dien en liefhê, gaan alles te bowe. Dit is ook sy opdrag: Ouers word beveel om hulle kinders van die HERE te leer. Hoe doen ons dit? Elke ouer het die verantwoordelikheid om in die huis en op reis sy kinders te leer. God gee verder in ons tuisgemeentes die ruimte van katkisasie, maar ons mag nie ons verantwoordelikheid afskuif op iemand anders nie. Sal ons dit kan doen as ons self nie vir God goed genoeg ken nie? Nee. Ons as ouers moet die voorbeeld stel en ons bekeer. Slegs as ons Hom ken, kan ons 'n voorbeeld wees in ons leer en lewe.

Kinder-erediensbegeleiding

Groep 1 en 2: Die vrug van die gees – vreugde en vriendelikheid (Galasiërs 5)
Groep 3: Bespreking van die preek

AAND 18:00

DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID – WAT MAAK ONS ANDERS?

Vandag is daar soveel verskillende kerke en denominasies. Ons formuliere van eenheid is een van die eienskappe wat bepaal in watter verhouding ons met ander kerke staan. Kon kyk saam na die belangrikheid hiervan en hoe dit kerklike eenheid bevorder.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 20 Februarie
Bybelstudie 18:30

Woensdag, 21 Februarie
Bybelstudie 09:00

Vrydag, 23 Februarie
Manne-oggend 05:30

Saterdag, 24 Februarie
Diakonievergadering

SONDAGAANDE: 1E KWARTAAL	
Datum	**Geleentheid**
18 Februarie	Aandbyeenkoms
25 Februarie	Nagmaal 19:00

facebook.com/GKTrinitas

SIMBOLIEK VAN DIE TRINITAS LOGO

gereformeerde kerk trinitas vanderbijlpark

Ons gemeente gebruik nou al 'n paar jaar lank 'n nuwe logo om onsself te identifiseer. Hierdie logo is oral sigbaar (voor die kerkgebou, nuusbrief, webtuiste, kanselkleed ens). Dit is dus gepas dat ons weer kyk wat die simboliek agter die Trinitas Logo beteken. Die logo bestaan uit 'n simbool van drie mense, in drie verskillende kleure, wat saam 'n eenheid vorm. Aangesien ons vertrekpunt en identiteit altyd in God self lê, verwys die basiese gedagte van die drie mense eerstens, net soos ons gemeente se naam, na die Drie-Eenheid van God. Die kleure verwys na die verskeidenheid binne die eenheid, soos die drie persone van God verskillend is en tog ook een is. Net soos die drie mense wil ons as gemeente ook saamstaan as 'n eenheid – verskillende mense wat saamwerk met oop hande uitgestrek na Bo. So is dit dan ook simbolies van ons identiteit: 'n verloste (die kruisvormige figuur), familie wat saamstaan en ons deel doen, en so oop is om die Drie-Eenheid aan die wêreld te wys. Mag ons elke keer as ons hierdie simboliek sien, herinner word oor Wie alles gaan en dat ons dit ook so moet beliggaam.

2 Familie

LIEF EN LEED

- Hartlik geluk aan Peter en Hestie Venter met Adriaan se doop

vanoggend. Geluk ook aan die grootouers.

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Jan Swanepoel ☎0828422592 is tans in Verg. Medi-Clinic met hartversaking. Hy is in 'n gewone saal, nie meer in die intensiewe eenheid nie.
- Lynette Roelofse ☎0169311591 het die afgelope week 'n handoperasie ondergaan.
- May Bezuidenhout ☎0825842703 se operasie was 'n sukse en dit gaan beter.
- Dit gaan beter met Ben du Plessis ☎0825057039 se gesondheid.
- Doris Coetzee ☎0828205604 se voetoperasie was nie suksesvol nie. Sy is tans weer bedlêend.
- Amanda Jansen van Vuuren ☎0724102940 het Vrydagoggend 'n angiogram in Verg. Medi-Clinic ondergaan.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

18/02	Marie Oliver	☎0824119783
18/02	Wynand Vorster	☎0769121577
19/02	Roelien Pieterse	☎0832557215
20/02	Nick Snyman	☎0824574815
22/02	Kayleigh Kleynjan	☎0844109714
22/02	Tanisha Moolman	☎0824465401
22/02	Joané van Wyk	☎0797766555
22/02	Louw Vorster	☎0835021105
23/02	Sansha Nel	☎0824480760
23/02	Mikayla Victor	☎0797398770
24/02	Lizelda Bothma	☎0824149759

SPESIALE VERJAARSDAE
Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

21 Feb.	Dirk en Carin Viljoen ☎0834077234	37 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)
Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

BYBELSTUDIES
Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).
Dinsdae om 19:00.
Woensdae om 09:00 by die kerkgebou.
(tensy anders per SMS gekommunikeer)

TEESKINK
Vanoggend skink die Gasvryheidsgroep tee. Sondag, 25 Februarie is nagmaal, dus is daar geen tee nie. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

VERJAARSDAGTEE
Die volgende verjaarsdagtee vind op Sondag, 6 Mei plaas. Gasvryheid-diensgroep.

FAMILIE-ETE, SONDAG 25 FEBRUARIE
Die diakonie reël 'n spitbraai ons familie-ete op Nagmaalsondag. Kostes: Volwassenes/ hoërskoolleerlinge: R60. Laerskoolleerlinge: R40. Navrae: Rineke

Visser ☎0718778260. Die kaartjies kan Sondae na die erediens by die Welkom-toonbank in die hoek in die saal gekoop word. Bring jou gazebo, kampstoele, drinkgoed, poedingbakkies en –lepels, en vriende dan kuier ons weer lekker saam!

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
Jacob Tromp

DIAKENS AAN DIENS
Casper J v Vuuren, Christa Snyman

KOSTER AAN DIENS
Elsa Prinsloo

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
18/02 – Jan Kriel Instituut
25/02 – Koningskinders

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6
Sondae 16:30: Graad 7 – 11

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag, 28 Januarie.

Graad 1 – 3
EENHEID 1: VRIENDELIKHEID AAN DIE WERK!
Graad 4 – 6
EENHEID 1-3: WALK WITH JESUS **
Graad 7 – 9
*LIFE AT SCHOOL **
Zooming in on you
Zooming in on everyone else
Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)
Dankbaarheid
*** Die graad 4 – 9 handleiding is tans slegs in Engels beskikbaar. Ons beoog om dit so gou as moontlik te vertaal.*

Alle jeugleiers werk so ver moontlik volgens die beplanning. Indien daar verandering is, sal dit deurgegee word. Sorg asb. dat u of u kind op die betrokke graad se WhatsApp groep is. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte. Gebruik gerus die

temas tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas nie, aangesien hulle daarvan mag afwyk. Dit word wel goed gekommunikeer op hulle WhatsApp groep.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groepe verdeel en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik.

Ons benodig meer mense om te help!
Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus ook vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

DIENSGROEPE
Agter in die saal, langs die welkom-toonbank, is daar plakkate met al Trinitas se huidige diensgroepe. Kontak gerus die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Indien jy belangstel, kontak vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎0832561387.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy enige van die volgende items aankoop **(plaas dit in die groot houer in die saal)**: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, sjampoe, toiletseep, koekie Sunlight seep, toiletpapier, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie. Gee gerus jou naam aan Jolani Lourens ☎0823359586 om te kom help pak.

VERSPREIDING VAN KLERE
Kontak Jan van der Westhuizen ☎ 0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare items by die herwinningsarea af tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer.
Ons herwin ongelukkig nie algemene kombuis- en tuinafval, babadoeke, stukkende ruite, verfhouers of plastieksakke nie en vra dat dit asseblief nie by die herwinning afgegee sal word nie.
Maureen van Helden ☎0923922093.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR FEBRUARIE
24 Feb. Diakonievergadering
25 Feb. Nagmaal 09:00 en 19:00

GKSA NUUS
OP DIE KENNISGEWINGBORD
- Geopende Deure
- FEBA Nuus
- E100 Afrikaanse Bybelleesplan

BEROEPE ONTVANG
- Proponent JPL van Jaarsveld (Vickus) na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie.

BEROEPE AANVAAR
- Ds PD Mqokolo (Piet) van Tshing na Ikageng Bophirima.

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

VISITASIE AAN ONS GEMEENTE
Vir kennisname alle gemeentelede, ouderlinge en diakens: Op 8 Maart, 18:30 vind visitasie by ons gemeente plaas. Die visitatore is dr. Deon Lartz en ds. Paul Nel.

SUSTERSAAMTREK 2018
Dames wat name vir die Sustersaamtrek deurgegee het, moet asb. hul geld (R120/persoon) aan Elsabé gee vir oorbetaling. Dit moet hierdie week aan Heilbron-gemeente oorbetaal word.

Wanneer: Saterdag, 3 Maart.
Tyd: 08:30
Waar: Vegkop feesterrein
Spreker: GP van Rheede van Oudtshoorn
Tema: "Skuil onder God se vleuels"

TRINITAS-BOEKHOEK
Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee.
Franciska vd Merwe ☎0827818032.

KLEIN ADVERTENSIES
- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop van tyd tot tyd hoenders en groente. Tans is daar groot herbert squash te koop @ R20 elk. Kontak hom gerus vir verdere pryse.
- Gerhard du Plessis ☎0658055245 benodig werk. (Nutsman, ongekwalifiseerde sweiser en 'boilermaker').
- Danie en Marietjie Potgieter ☎0729363360 / 0169331438 verkoop tuisgemaakte koeksisters @ R30 per dosyn.
- Algemene herstelwerk, kontak Renier ☎0748917646.

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258

NATUURLIKE KERKONTWIKKELING
Funksionele strukture – Hierdie punt is een van die mees kontroversiële punte van die eienskappe van kerkgroei en kerkontwikkeling. Wanneer ons egter strukture in die kerk moet beoordeel, is die belangrikste vraag: Vervul dit jou doel of nie?
Kerkstrukture is nie die einddoel nie. Kerkstrukture is veel eerder die wyse om by die einddoel te kan uitkom. Tradisie is een van die faktore wat die hoogste toets wat kerkgroei negatief beïnvloed. Dit beteken nie dat tradisie opsigself verkeerd is nie, maar dat tradisie reg verstaan moet word en dat daar bepaal moet word of dit steeds relevant is.
In hierdie opsig is strukture sterk gesentreerd rondom die leierskap. Daarom het kerke wat groei leiers in verskillende diensareas. Dit beteken dat leierskap nie net beperk is tot predikante en ouderlinge nie, maar ook in ander aspekte van kerkwees.
God het tog self ook struktuur in plek gestel. Dit sien ons deur sy skeppingswerk waar daar orde en struktuur gemaak is, nie vir die gemak van die mens nie, maar tot eer van die Here.

NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daaroor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
    a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
    b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
    c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laatste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.